

Omgeepapier 16 - 22 April 2023

Lukas 24:13-35 – Die Emmausgangers

Jesus, ons Opgestane Here loop saam met die Emmausgangers en vra hulle uit oor die kruisgebeure. Dan lê Hy vir hulle al die profesië oor die Messias / Verlosser / Christus uit, **en hoe al die profesië vervul is in sy kruisiging, en wat DIT vir hulle inhou.**

1. Lees Luk 24:21: “Ons het **bly hoop** dat dit Hy (Jesus) is wat Israel gaan verlos, maar boonop is dit nou al die derde dag vandat dit gebeur het (dat Jesus gekruisig, en dood en begrawe is). **Ai, die teleurstelling, ontnugtering!**

Vraag: Vra jouself af of jy dalk 'n verkeerde prentjie van die Here Jesus en van geloof het / Wat verwag jy van Jesus, die Here? (Geld, maklike lewe, probleme opgelos, ,?)

2. Lees die **beloftes / profesië oor Jesus** in die Ou Testament, **alles vir ons** – (Deut 18:18 – **Die Profeet**); (Ps 22, Jes 53, veral 53:5 – “**Genesing / Herstel**”); (Eks 12:21 vs 1 Kor 5:7- **Paaslam**); (Ps 40:7-9 - **Gehoorsaam**); (Ps 110:4 vs Hebr 8:1-2 - **Priester** en Hebr 9:26 en 28 - **Offerande**); (Jes 7:14 – **Immanuel, God by jou**); (Jes 61:1-2,6,9,10 – **Verlossing en seën**)

**Vraag: So – sien jy wát sê / profeteer die Bybel eintlik oor Jesus, ons Here? Hy is die vervulling van al die profesieë!
Is jou hart ook nou aan die brand oor Jesus (Luk 24:32)?**

3. **Gebedsversoeke:** Waarvoor / Vir wie anders kan ons saam met jou bid? / Waarvoor wil jy dankie sê?
4. **Vát wat die Here Jesus vir jou sê in Num 6:23-27:**
Mag die Here my seën en beskerm.
Mag die Here Sy aangesig oor my laat skyn, en my genadig wees.
Mag die Here Sy aangesig na my toe ophang en aan my vrede gee.
So moet ek die Here se Naam op myself neem, dan sal Die Here Self my seën.